’n Verskyning wat verras

Die dissipels is letterlik en figuurlik ingehok. Omdat hulle Jode is hulle besig met ‘n ritueel om vir 7 dae te treur in ‘n kamer wat toegesluit is. Hulle het die Shiva genoem of sit Shiva. Hulle sou ook nie verwag dat Jesus fisies uit die dood sou opstaan nie. Jesus verskyn ‘n eerste maal aan hulle en blaas oor hulle (sonder dat Thomas by is) en dan verskyn hy weer met Thomas by en groet hulle met: “vrede vir julle”.

Lees Johannes 20:19 – 31 saam.

“alhoewel die deure gesluit was het Hy tussen hulle kom staan en hulle gegroet met Vrede vir julle” (lig asb hierdie gedeelte weer aan die einde uit).

In ons huidige omstandighede is ons fisies ingehok maar Thomas verteenwoordig ook die areas waar ons emosioneel ingehok voel of vasgevang deur iets. Verlossing is nie net om hemel toe te kan gaan nie – dis ook vir die hier en nou.

SUIDER-PAARL GEMEENTE

1. Deel met mekaar waar jy dalk ingehok voel op die oomblik?
2. Waar het jy Jesus se verlossing huidiglik nodig, waarvan wil jy loskom
3. Hoe kan ons met die geloof leef dat Hy steeds vandag deur geslotenheid kom en tussen ons kom staan.
4. Waar beleef jy tans Jesus se vrede en die feit dat Hy asem of lewe oor die wêreld blaas? Dit kan eenvoudig wees.

Neem ‘n besluit om te gaan deelneem aan God se plan om ook in die hier en nou verlossing te bring.

Wees Anders...

...Want Jesus is Anders...